
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Self-verworwe vryheid is begeerde vryheid.*

# Die O.B.





*Geskonke vryheid is beperkte vryheid.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 20 MEI 1942. No. 28.

# O.B. Bereid Elke Geleentheid Tot Vrymaking Te Gebruik

## Duidelike Verklarings Op Boksburg

**„Die Ossewabrandwag wil die volk so opvoed en sterk dat hy in staat sal wees om van enige geleentheid wat mag kom, gebruik te maak om homself te bevry. As dit deur kruisies is, sal die O.B. dit doen, en as ander middels aangewend moet word, sal die O.B. dit ook doen,'' het genl. J. A. Smith, Assistent kommandant-generaal op 'n groot vergadering in Boksburg onder voorsitterskap van genl. D. J. J. Strydom voorverlede Donderdagaand gesê.**

**Hy het ook beklemtoon dat dr. Van Rensburg se verklaring op Elsburg die gedagte van volkseenheid teenoor volksverdeeldheid gestel het.**

Hoofgenl. Louis Bootha het verklaar dat almal vandag, en nie net die O.B. nie, in verwarring verkeer. Skinderstories word vandag versprei om 'n volksorganisasie te probeer verdeel. Maar die O.B. sal nie twis nie. „Die party-man is elkeen van ons se broer; sy moeder is ons moeder, wie se nek die Empaaiermagte nie sal breek nie.'' Dit is die aard van ons volk, dat ons nie gedryf kan word nie, hoekom sal die O.B. hom dan laat dryf? Op Roodepoort het die spreker die Party gesmeek om nie aan te val nie. As hy die vloerlap van die volk moet wees, sal hy dit weer doen.

Hy het 'n beroep op die Party gedoen om die twis te staak, en verklaar dat die O.B. dit reeds gedoen het. As hulle die O.B. wil vermoor om sodoende sterker te word, wil hy hulle net die vraag vra of hulle eendag weer vermoorde mense sal kan gebruik. Die Party het die O.B. waaragtig nodig. Sonder die O.B. sal die republiek nooit verkry word nie. Maar die O.B. het die partymense net so nodig en kan hulle nie wegjaag nie. As die Party nie vandag die hand wil neem nie, dan sal die verdeelde Afrikanervolk eendag die hand in sy eie kerkhof neem.

Genl. J. D. Jerling (asst.-komdt-genl. van Transvaal) het 'n boodskap van mnr. F. Baron Crotz, wat nou in die interneringskamp sit, aan die vergadering voorgelees en verklaar dat dit die O.B. se antwoord op die jingo is. Hulle kan maar aanhou, want vir elke O.B.-offisier wat geïnterneer word, staan daar sewe ander gereed. Mnr. Crotz was juis die klas man wat nog altyd invloed op die Afrikaner uitgeoefen het om die dreigende uitbarstings te keer. As hulle dan sulke verantwoordelike offisiere wil wegneem, moet hulle maai wat hulle gesaai het. Die tyd het aangebreek, het hy verklaar, dat die handskoen neergegooi word en dat ons moet verklaar dat ons klaar met die demokrasie is, het genl. Jerling gesê.

Die demokrasie kom van Frankryk en vandag veg Petain en Laval om die stelsel te verander. Die habeas corpus-beginsel is die hoeksteen van persoonlike vryheid, maar wat word van habeas corpus (die reg om 'n verhoor te eis) as mense vier maande lank sonder verhoor opgesluit word? Al hierdie wassery van vuil wasgoed in die openbaar is ook die vrugte van die demokrasie.

**Sekere mense in die land praat van twee landstale. Hier wil hy verklaar dat die O.B. se taal Afrikaans sal wees. Solank daar twee landstale is, sal 'n verenigde volk nooit bestaan nie. Die O.B. sal net een amptelike taal in die republiek toelaat en dit is Afrikaans,** het spreker besluit.

Genl. J. A. Smith het die Regering versoek om mnr. Baron Crotz voor 'n geregshof te bring om te bewys waaraan hy skuldig is.

**Vandag word gevra wat agter in die O.B. se kop is in verband met 'n republiek. Die O.B. wil die volk geestelik en inwendig versterk en sodoende voorberei dat hy in staat is om van enige geleentheid wat mag kom, gebruik te kan maak om homself te bevry, het hy gesê. As dit deur kruisies is, dan sal die O.B. dit doen. As die sambok gebruik moet word, sal die O.B. dit sekerlik toepas. As ander metodes aangewend moet word, sal die O.B. dit gebruik.**

Spreker dank God vir 'n man soos Hans van Rensburg. In die volksgeskiedenis sal geskryf staan dat sy verklaring op Elsburg die proklamasie van volkseenheid was. Dis die fondament van die Afrikanervolk en die O.B. **Dit is die gedagte van volkseenheid teenoor volksverdeeldheid.** „Die Afrikaner is op mars na sy vryheid, en geen organisasie sal hom daarin stuit nie,'' het hy ten slotte verklaar.

## OUDSTRYDERS SE GEROEP IN DIE WOESTYN

### Twee-Nasieskapidee Oorsaak Van Skandaal

In die koerante verskyn daar vandag gedurig berigte oor die Oudstryders wat moet veg vir pensioene en ander regte waarop hulle aanspraak maak. As daar een ding is wat 'n mens leed aandoen, dan is dit dat hierdie manne wat deur persoonlike opofferings hul trou aan hul volk en vaderland met die daad betuig het, hulle vandag in 'n vereniging moet saamvoeg om soos vakbondlede hul regte te eis. Diegene van hulle wat nog lewe het veertig jaar gelede die wapen opgeneem om sonder beloning die vryheid van hul volk teen 'n buitelandse agressor te verdedig. Meeste van hulle het daarna op die puinhope van hul eertydse plase moes worstel om van wat van hul huisgesinne in die moordkampe oorgebly het, op te voed tot sulke ontwikkelde burgers dat hulle die voortbestaan van die Afrikanerdom in 'n ongelyke ekonomiese stryd kon handhaaf.

**Partyregerings het daarna aan bewind gekom en weer geval, maar die lot van hierdie manne wat die roem van die Boerevolk oor die grense van hul vaderland gedra het, het onveranderd gebly.**

Waarom was daar vir hulle geen tegemoetkoming van owerheidsweë nie? Die rede is eenvoudig: Onder bewind van die uitlandse partye is hul lot met dieselfde koue onverskilligheid bejeen as dié van hul volk wie se vryheid en regte onder kanonwiele vertrap is. Onder bewind van nasionaalgesinde partye kon aan hulle geen hulp verleen word nie omdat soiets sou beteken het bevoorregting van 'n seksie van die bevolking. **Kragtens die beginsel van gelyke regte tussen die twee bevolkingsgroepe was daar toe nie meer net Afrikaanse oudstryders nie, maar ook Britse en selfs naturelle-oudstryders! Dit sou in die oë van die nuwe ingevoerde burgers 'n ewige onreg wees as net die Boere pensioene ontvang en die ander soldate wat die beskawing gebring en Suid-Afrika van Krugerisme verlos het, nie ook hul onbeskeie deel ontvang nie. Die Boere-oudstryder moes toe kies om òf saam met die Tommie en kaffer wat teen hom geveg het 'n soldate-pensioen te ontvang, òf om niks te ontvang nie.**

Die Ossewabrandwag beskou dit as een van sy eerste pligte om hierdie onreg te herstel. Die helde van die Tweede Vryheidsoorlog mag nie net in boeke geroem word nie, dit moet met die daad geskied. Wanneer ons die bestaan van net **een** volk erken, sal daar ook net **een** soort Oudstryder wees wat deur sy eie staat op daadwerklike wyse vir troue diens beloon sal word.


GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

***Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag***

**GEBRUIK**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

***'n Produk van***

**LEVER BROERS.**

# PORTERVILLE ROLLER MEULE

Eienaar: J. A. du Toit.

Vars en Suiwer Koringmeel
Altyd op Hande.

Gemaal van die Beste Koring
in die Westelike Provinsie.

Pryse: 200 pond vir 32/6
100 „ „ 16/9
50 „ „ 8/6

Eerlike Behandeling Gewaarborg.

PORTERVILLE.



# KRAALMIS

## EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| 1 ton en meer | 29/- |
| 20 ton en meer | 28/- |
| 40 ton en meer | 27/- |
| In kliënte se sakke | 18/- |
| Potas mengsel (mis en as) | 40/- |
| Potas (mis as) | 40/- |

Bostaande pryse algar per ton van twaalf goeie sakke, gelewer Unie stasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hammermeulgemaald, spesiaal voorberei vir Kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. Bank Referensie: Volkskas, Port Elizabeth.

B. J. ROODE

Posbus 15, Klipplaat.



ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan,* *Stellenbosch.*



VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.


Ondersteun ons Adverteerders


*Dis Nuut!*

# Die Leeu van Wes-Transvaal

*'n Roman met genl. De la Rey in die agtergrond*

*DEUR IGN. MOCKE.*

PRYS 3/9 POSVRY

Nie 'n droë lewensbeskrywing van die onsterflike Boere-generaal nie, maar 'n beeld-in-handeling van sy krygsmansdurf, soos gesien deur die oë van 'n jong verkenner wat onder hom geveg het: De la Rey in handeling: Nooitgedacht, Ysterspruit......en al die homeriese slae wat hierdie magtige krygsman teen die vyand gelewer het, rol voor u oë verby soos 'n panorama; u voel hoedat hy sy burgers besiel selfs in die donkerste oomblikke van die oorlog, tot nuwe daadkrag en nuwe uithouvermoë — u hoor sy woorde weerklink, stentories, vol Godsvertroue — „geloof en liefde vir ons volk, dié ding sal ons lei."

U sien hom sit op die tonele van sy grootste oorwinnings, 'n held, maar tog 'n man van menslikheid en medelye. U jaag saam met sy stormende ruitery om dodelike stellings van die vyand te verower — en deur die hele boek loop 'n spannende avontuurverhaal wat u enduit sal boei. Elke bladsy is gepak met handeling, intrige en geestigheid.

Hier, vir die eerste keer, hoor u die verhaal van die berugte vrybuiterskommando van „kommandant" van Zyl, wat soos aasvoëls op die spoor van die oorlog volg, roof en buit na hartelus, maar dit nooit waag om in die vuurlinie te kom nie: Die fratse van die koddige vrybuiter wat nog banger is vir De la Rey as vir die vyand, sal u laat skaterlag.

Ons keurder sê: „Die boek is spannender as IN DIE VUURLINIE." Dis 'n uitgawe van die A.P.-Sakbiblioteek, en word aan intekenare op hierdie skema gelewer teen 3/- elk.

TEKEN VANDAG IN EN U ONTVANG HIERDIE BOEK TESAME MET ALLE VERDERE MAANDELIKSE UITGAWES.

*BESTEL VAN:*

*DIE KAPPIE-BOEKHANDEL*

Spoorbondkasgebou - - De Villiersstraat, 15,

JOHANNESBURG.


# EERSTE VOORTEKENS VAN 'N GAS-OORLOG?

## Masjinerie Kom in Werking

Die afgelope paar dae is die pers vol berigte oor die moontlike gebruik van gas in die oorlog. Churchill het die veldtog geopen deur Duitsland die waarskuwing voor te hou dat hy enige gasaanval op Rusland sal beskou as 'n gasaanval op Engeland en dit met weerwraak sal vergeld. Vir ons wat bekend is met die Britse propaganda en hul metodes is hierdie uitlating van 'n Britse staatsman die gewisse aanduiding dat 'n gasoorlog die volke van die wêreld voor die deur staan.

Ons eie geskiedenis het ons geleer wat die Brit bedoel as hy 'n teenstander waarsku. Dit is nie 'n waarskuwing nie, maar 'n beskuldiging wat spoedig opgevolg sal word deur die ,,vergeldingsdaad''. So het ons eie volk ondervind hoe die Britse Regering die Suid-Afrikaanse Republiek gewaarsku het teen die ,,onderdrukking'' van sy onderdane op die goudvelde. 'n Onskuldige voorval is tot die grootste wreedheid in die Britse pers omgeskep. ,,Bewyse'' van mishandeling van Britse onderdane in Transvaal het op die Britse volk in Engeland gereën. Die doel was om die Engelse volk voor te berei op die verowering van die goudvelde.

In Sirië onlangs was dit dieselfde. Hierdie gebied moes deur die Britte ingepalm word, en toe stroom die berigte in van Duitsers wat besig is om Sirië binne te gaan. Daar was selfs skattings oor die hoeveelheid Duitse vliegtuie wat al in Sirië saamgetrek was. Sirië moet toe van hierdie Duitse agressors bevry word, en Engeland het aangeval. Die feit dat daarna geblyk het dat daar geen Duitsers of vliegtuie in Sirië was nie,. het niks aan die voldonge verowering van die Franse gebied verander nie.

Ook Madagaskar het voor 'n regstreekse Japanse bedreiging gestaan, en daar was glo al onderhandelings tussen Frankryk en Japan aan die gang oor die oorgawe van hierdie eiland aan die Japanners. Die wêreld was toe voorberei op 'n Britse agressiedaad, en die slag is gelewer. Daarna het die Britse propaganda niks in waarde verloor toe die Britse Premier onomwonde openbaar gemaak het dat die voorbereidsels reeds maande voor die sogenaamde Frans-Japanse onderhandelings getref was. Madagaskar was in Britse hande, en dit is hoofsaak.

Ons kan dus aanneem dat Brittanje in ,,weerwraak'' gas teen sy vyande sal gebruik. Sy propaganda is tans besig om die openbare mening te bearbei en binnekort kan ons verwag om 'n berig uit Moskou te kry waarin gemeld word dat 'n gasaanval deur die Duitsers op onskuldige Russiese vroue en kinders gedoen is — dieselfde Moskouse beriggewing wat onlangs wêreldkundig gemaak het dat genl. von Runstedt, wat tans in Frankryk bevelvoer, 'n sluipmoordenaar ten prooi geval het, en dat veldm. Göring, wat so pas amptelike eise aan Frankryk sou oorgebring het, in 'n konsentrasiekamp sit omdat hy in onguns verval het.

Dit maak geen saak of die geskiedenis later bewys dat dit alles leuens was nie. Die oorlog sal dan verby wees en die hoofsaak is die oorwinning. Die toekoms kan vir homself sorg.


# SASBANK

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

# POLITIEK IN DEMOKRATELAND

II.

## KIESERS ONTVANG KANDIDAAT

(Eie Beriggewing.)

Die kiesers was nie baie tevrede met die hoofbestuur se besluit om Piet Oorloper van Verste Hoek as Demokratiese kandidaat in die kiesafdeling Lekkertwis te stel nie, en moeilikheid is verwag op die vergadering waarop die kandidaat voorgestel sou word. Die hoofbestuur het dr. Heuningkwas en advokaat Vrouebedroewer aangewys om die verkiesingsveldtog te gaan open. Twee ander partye het ook besluit om kandidate te stel, terwyl Sors Eerlikheid dreig om as onafhanklike kandidaat te staan.

Onder groot en geesdriftige toejuiging het dr. Heuningkwas opgestaan en die skare toegespreek.

,,Vrinne, Demokrate, broers! Hier staan ons vandag voor die lotsbeslissing van ons volk. Ons ou volkie gaan ten gronde van weë sy verdeeldheid. Net eensgesindheid kan ons red. Ek het egter nog altyd geglo en glo vandag nog dat Lekkertwis die voorbeeld van eensgesindheid kan stel en sal stel. (Toejuiging.) Ons kan nooit toelaat dat daar skeuring onder ons volk kom nie. Lede van ons party in hierdie kiesafdeling het 'n geroep na Verste Hoek opgestuur: ,Kom oor en help ons', het hulle gesê. En hier het ons vandag die antwoord op julle smeekbede — Piet Oorloper! (Oorverdowende toejuiging.) Piet Oorloper is 'n man wat alles veil het vir sy volk. Eie-belang bestaan daar nie by hom nie, en daarom is hy vandag hier om homself op te offer in julle belang, in belang van sy volk en sy geliefde Demokrateland!" (Toejuiging.)

Vervolgens het spr. die program van beginsels van die Demokratiese Party verduidelik en beklemtoon dat dit die enigste party is wat die belange van die volk op die hart dra. Hierna het adv. Vrouebedroewer aan die woord gekom.

,,Geliefde burgers van ons dierbare Demokrateland. Hier staan ek, en ek kan nie anders nie. Saam met ons geliefde leier en volksman dr. Heuningkwas dien ek die volk al vir die afgelope sestien jaar, en ek kan julle verseker dat daar geen man op aarde is wat so 'n liefde vir sy volk het as ons hooggevierde leier nie. Hy het hom afgesloof vir sy volk. Sy huislike geluk is ten gronde en eenmaal sal die nageslag aan julle die vraag by sy ope graf stel: het julle hierdie groot man geëer soos hy ere toekom? (Groot toejuiging.) Of sal die bittere verwyt dan kom dat julle die grootste seun van Demokrateland gemisken en verag het? (Uitroepe van nooit!)

,,Wat myself betref, ek volg hom met toe oë deur die donkerste nag; ek staan rotsvas agter hom." (Stemme: Ons ook!)

'n Dwarstrekker uit die gehoor het gevra: ,,Maar wat het dit alles met die kandidaat te doen? Ons wil die kandidaat hoor, dis hy wat ons moet verteenwoordig in die parlement."

,,Nee kyk vrinne," het die voorsitter ingegryp, ,,ek laat nie my leier beledig nie. Ek sal dit nie duld nie!"

,,Hy beledig ons leier, hy ondermyn ons party," het die gehoor uitgeroep. ,,Hy is 'n Empire-man," het 'n ander geskreeu. 'n Paar vuishoue het geval waarop 'n aantal mense die vergadering verlaat het. Ruim twee-derdes het egter agtergebly en die volgende mosie is eenparig en onder groot toejuiging aangeneem:

,,Die kiesers van Lekkertwis staan rotsvas agter ons gevierde en geagte leier, dr. Heuningkwas, en ons gewilde kandidaat, Piet Oorloper. Ons neem 'n mosie van volle vertroue aan in ons Demokratiese Party wat ons glo, die enigste party is wat redding vir ons volk kan bring."

(Word vervolg.)


VOLKSKAS IS U EIE BANK!

ARBEIDSAAMHEID

*Fondse oorskry £1,800,000.*

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

AFRIKAANSE DANSPARTYE

Gereeld elke Vrydagaand

in

ADDERLEYSTRAAT 22

(Regoor Garlicks)

Musiek deur

PEET KRUGER

(Vroeër van HENDRIK SUSAN)

EN SY ORKES.

Toegang: dubbel 5/-, enkel 3/-.

Kaartjies verkrygbaar by PIENAAR se HAARSNY SALON. — Foon 3-1047.

Aanddrag verkieslik maar nie noodwendig.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.


ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS


Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyl .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| BRANDEWYNE: | | | |
| choemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes. .. | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| JENEWER .. | 6/- | 5/- | — |
| LIKEURS: | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| JENEWER-LIKEURS: | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., OUDTSHOORN.

SCHOEMANNELLO-DRANK

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

Kotzé

DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD

DIE AFRIKAANSE KLEREMAKER — KLEED SUID-AFRIKA

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*

*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning*

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 20 MEI 1942.

# Ons Verwelkom Die Draai Van Die Wiel

„Die wiel van die geskiedenis draai na die nuwe bedeling. Uit hierdie gesigspunt moet ook ons deelname beoordeel word." So lui die Grootraad se uitspraak in sy beleidsverklaring wat in ons uitgawe van 29 April gepubliseer is.

'n Wêreldomwenteling is aan die gang waarin die ou wêreldorde besig is om plek te maak vir die nuwe. In hierdie omwenteling is die aanhangers van die oue in 'n doodstryd gewikkel met die voorstanders van die nuwe. Die ou liberalistiese lewensopvatting wat as grondslag het die **eie-belang** van die **enkeling** en wat op staatkundige gebied sy uiting gevind het in die **demokratiese** stelsel waarin die **enkeling** of groep van enkelinge wat die grootste geldelike belange beheers, die diktators van die volke geword het, is besig om te sterf deur die vergeldingswraak wat volg op die verkragting van die Goddelike ordinansies.

Hierdie ou stelsel het die deur God bepaalde grense tussen volk en volk, tussen ras en ras, verbreek. Dit het die gesag van die nasie misken, en die belange-gebied van die nasie oopgestel as 'n **jagveld** vir die fortuin- en posisiesoeker. Die belange van die nasie is oopgestel tot 'n jagveld waarbinne enkelinge met mekaar gewedywer het om die insameling van persoonlike rykdom en eer. Geld en eerbaarheid het dan ook woorde van gelyke betekenis geword — die man met die meeste geld was die man van eer en aansien en het leiding geneem en gegee, ongeag die sedelike eienskappe van sy karakter.

As jagters op die gebied van die volksbelang het deelgeneem state wat in die vertrapping van ander volkere aangegeroei het tot **wêreldryke.**

Deelgeneem het ook groepe enkelinge wat hulself georganiseer het in maatskappye van allerlei aard ter verryking van hulself, en in die uitbuiting van volke het hulle aangegroei tot 'n allesbeheersende **geldmag.**

Deelgeneem het ook groepe individue wat hulself georganiseer het in **politieke partye** met die oog op die verowering van die staatsmag, en in bondgenootskap met die geldmag **teen** die volk het hierdie partye aangegroei tot anorganiese **diktature** wat gteer het op die verdeeldheid, onkunde en armoede van die volk. Die gebied van die volk is toegeëien as gebied van die party — daarom moet 'n volksbeweging swig voor 'n politieke party. Die reg van die volk om homself te regeer deur sy **natuurlike** voorgangers is vervang deur die aanspraak van die party om namens die volk te regeer vir 'n deel van die volk. Want die praktyk wat bekend staan as die **„uitskopbeleid"** — daardie metode waardeur alle nie-partylede van die volk buite aksie gestel en alle deelname aan politieke sake ontsê word — is die noodwendige voorwaarde vir die handhawing van die party se alleenheerskappy.

Ons eie land is op grondslag van hierdie ou wêreldorde deur 'n deel van die bevolking namens die volk gesleep in 'n buitelandse oorlog, en wel aan die kant van diegene met wie hy nie alleen niks in die gemeen het nie, maar teen wie hy terwille van sy bestaan 'n worstelstryd van anderhalf eeu moes voer.

Kragtens die gesag hom verleen deur die uitgediende en sterwende demokratiese orde is ons volk deur 'n politieke party opgeroep om die dood van die ou orde te help vertraag en die koms van die nuwe bedeling te weerstaan. En dit terwyl die partybewind wat in naam van Suid-Afrika oorlogvoer, tot so 'n mate bewus was van die Boerevolk se afkerige houding dat hy plegtig onderneem het om die oorlog slegs met vrywilligers „deur te sien".

**Die standpunt van die Boerevolk is nie alleen dat hy geen liefde het vir die sterwende ou orde nie, maar dat hy self met reikhalsende verlange uitsien na die komende bedeling waarin verowerde nasies weer tot hul reg sal kom en vertrapte en uitgemergelde volksgenote wat soos stronke en leë doppe deur die kapitalistiese heersers op die ashoop van ellende en ondergang gewerp is, weer as eerbare en waardevolle lede van 'n volk aan die boesem gedruk kan word.**

Om dus van die Boerevolk te verwag dat hy in hierdie wêreldomwenteling neutraal moet staan, is om van hom 'n eis in stryd met sy natuurlike begeertes te stel; om van hom te verg dat hy homself voor die draaiende wiel van die geskiedenis moet inwerp ter behoud van die vir hom knellende ou orde, is om van hom die be-aming van sy eie moord te eis.

Sover dit die Ossewabrandwag betref, staan die Boerevolk vir die nuwe bedeling nie alleen omdat hy van die oue niks anders as verdriet en verdrukking erlang het nie, maar ook omdat hy in die nuwe niks minder sien nie as die verwesenliking van sy eie doel en strewe.

# „8 Augustus Was 'n Nuwe Besieling"

Die volgende oproep met die oog op die hou van Fondsdag op 8 Augustus aanstaande is van genl. O. L. Nel, A.K.G. van Natal:

Vir Natallers, veral, is 1838 'n mylpaal in die geskiedenis van die Boerenasie, want in daardie jaar het die Groot Trek geëindig en Suid-Afrika was vir die blanke beskawing beveilig. In die loop van die volgende eeu het 'n vreemde en magtige nasie die Afrikaner oorweldig en uitgebuit sodat hy in 'n stelling van noodlottigheid en minderwaardigheid verkeer het. Maar presies 'n honderd jaar later is die Groot Trek hervat — 'n Trek weer na vryheid en onafhanklikheid, oorwinning en vrede.

1938 sal voortleef as 'n tweede mylpaal in die geskiedenis van die Afrikanerdom. In hierdie jaar het die boodskap van die Ossewaentjies 'n ongekende geesdrif verwek wat die oorsaak was van 'n herlewing van nuwe moed en vasberadenheid, van 'n strewe na volksbevryding en 'n beslistheid om te wen. Dit was 'n nuwe besieling in die Afrikanerdom.

In hierdie nuwe besieling is die Ossewabrandwag gebore — 'n klein kindjie in die begin — wat in 'n korte tyd tot 'n reuse en magtige organisasie ontwikkel het, waarin die Afrikaner sy geestelike en stoflike tuiste gekry het. In die Ossewabrandwag kry die Afrikaner sy siel en vind sy volksgeluk, en in hierdie patriotiese beweging sien hy sy voortbestaan as lid van 'n lewendige en florerende nasie. In die Ossewabrandwag is daar nie groepe wat vir eie-belang streef nie. Die Ossewabrandwag is die ruggraat van die Afrikaner in die nuwe besieling en die vegsman in die stryd vir 'n vrye onafhanklike republiek.

Op 8 Augustus het die Ossewaentjies se trek 'n aanvang geneem. Die Kommandant-generaal het 'n oproep gedoen dat hierdie dag as Organisasiedag gevier word. Die Ossewabrandwag sal gehoor gee aan die oproep en hy sal nie net die verjaardag van die nuwe besieling geesdriftig vier en herdenk nie, maar op 8 Augustus gaan hy met nuwe moed en versterkte kragte volhardend die stryd voortvoer vir finale oorwinning.

Fondse is nodig om die stryd te voer en op 8 Augustus sal die Ossewabrandwag oor heel Suid-Afrika soos één man aantree. Die Ossewabrandwag is 'n lewendige volksbeweging waarin daar geen slapende of dooie lede is nie. Elke man, vrou en kind sal die geleentheid gegee word om sy, of haar bydrae te gee of dienste te lewer — 'n diens vir die heil van ons volk en vir die verwesenliking van ons vrye Boererepubliek.

O. L. NEL,
Assistent-kommandant-generaal, Natal.

## GELOOFSDAAD VAN O.B.-MAN

**Eerste op die hakke van komdte. mev. Ferguson-Louw, wat 'n aantal geraamde skilderye ten behoewe van die O.B.-fonds vir 8 Augustus gegee het, is nou 'n Kaapstadse man wat die bedrag van £20 aan genle. mev. J. S. du Toit, wat in opdrag van die K.G. aan die hoof van die onderneming staan, geskenk het.**

## VRIENDSKAPSENTRUM BEGIN IETS NUUTS

Die Vroue-vriendskapsentrum van die Ossewabrandwag in Kaapstad het tans 'n begin gemaak met iets nuuts — 'n O.B.-naaldwerkkring. Van 2 Junie af sal daar elke Dinsdagmiddag tussen 2.30 en 4.30 'n gesellige naaldwerkuurtjie deurgebring word in die reeds bekende vertrek No. 914, Groote Kerkgebou. Vir vroue van die Skiereiland sal die bywoning van die kring gereël word by wyse van uitnodiging, maar besoeksters aan die stad uit ander kommando's word vriendelik uitgenooi om enige tyd daarheen te gaan. In so 'n geval word hulle versoek om naaldwerk saam te bring waaraan gepeusel kan word solank een of ander persoon 'n lesing oor 'n vraagstuk van die dag hou. Die reëlings is in opdrag van genl. mev. J. S. du Toit in die hande van hoofkomdte. mev. dr. Du Toit van Zyl en haar asst.-hoofkomdte Louw en Erasmus.

Afgesien van hul gewone naaldwerk sal al die vroue die voorreg hê om mee te werk aan 'n gemeenskaplike stuk werk vir die Ossewabrandwag. Almal wat die werkkring bywoon gaan 'n steek inwerk in iets wat hulle maar liewer self moet kom kyk wat dit is!

Die naaldwerk word gedoen onder toesig van adjte. Pansegrouw terwyl haar komdte. Ferguson-Louw vir die kuns-ontwerp verantwoordelik is. Die twee offisiere wat deskundiges is op die gebied van die naaldwerk, is bereid om enige advies te gee.

Volgens genl. mev. Du Toit meedeel, is dit die begin van groot planne.

Die Vriendskapsentrum was in die verlede 'n aangename oord vir baie besoekers aan die stad, en steeds meer mense maak gebruik van die vriendelike tegemoetkomendheid van die Kaapstadse O.B.-vroue. Dit is blykbaar nie so alombekend nie, maar ook mansbesoekers is welkom en kan teetyd 'n heerlike koppie tee daar nuttig.


## VOLKSPELE

DIE BELLVILLE VROUE-KOMMANDO HOU 'N VOLKSPELE-AAND
in die
KERKSAAL, BELLVILLE
*op 30 Mei 1942, om 7 n.m.*
PANNEKOEK EN ALLERHANDE LEKKERNYE SAL TE KOOP AANGEBIED WORD
Toegang 3d.
*KOM SEKER!!!*



*AANDAG! . . .*

DIE UITENHAGE KOMMANDO
Hou 'n Byeenkoms
te
DESPATCH
op Maandag, 25 Mei
Spreker:
Ons Kommandant-Generaal
*Dr. J. F. J. van Rensburg.*
Alle omliggende Kommandos en belangstellendes word hartlik uitgenooi.



105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTENE

# VOLK BESTAAN UIT GESINNE

## Ossewabrandwag se Beleid Gegrond op Gesonde en Gelukkige Gesinslewe

**As ons deur die platteland ry, sien ons op elke plaas 'n huis. Binne elke huis is daar 'n groepie mense wat nou aan mekaar gebonde voel. Dit is die huisgesin. Hulle vorm 'n eenheid en staan onder die gesag van die vader wat die verantwoordelikheid saam met die moeder vir die gesin dra. Hul bure is ook 'n huisgesin en vorm net soos hulle 'n eenheid op sigself. Binne hul huis is hulle tuis en baas.**

Hierdie twee of meer huisgesinne is aan mekaar verbonde deur 'n gevoel van verwantskap wat veroorsaak word deur gemeenskaplike belange binne 'n gemeenskaplike omgewing of woonbuurt. Ons noem dit 'n gemeenskap, en hierdie gemeenskap verteenwoordig 'n veelheid van belange. So kry ons die godsdienstige belange, die onderwysbelange en die ekonomiese of boerdery-belange. Elkeen van hierdie belange staan tot 'n mate onder gesag van 'n natuurlike leier van daardie buurt. Die vooruitstrewende boer sal deur die ander as 'n soort leier op die gebied van die boerdery aanvaar word. Soms word hy deur sy medeboere gekies as voorsitter van die boerevereniging. So sal op kerklike gebied die godvrugtige buurman as die kerklike leier vir daardie omgewing beskou word, en hy word dikwels tot ouderling gekies. Op onderwysgebied is daar die man wat lewende belang stel in die opvoeding van die kinders, en die groepie mense of gemeenskap sien na hom op as hul leier op daardie gebied en hulle kies hom soms as voorsitter van die skoolkommissie.

Weens die verwydering wat veroorsaak word deur lang afstande is dit noodsaaklik dat 'n land ingedeel word in distrikte en selfs in provinsies. Verskeie gemeenskappe vorm dan 'n distrik wat deur organisasie hul gemeenskaplike belange binne daardie distrik behartig in sover dit deur die owerheid toegelaat word. So kry ons elke keer 'n groter eenheid, en eindelik vorm al die gemeenskappe die nasie of volk.

### DIE BEGIN

**Die volk begin dus by die huisgesin en nie by die enkeling nie.** Hier en daar sal ons miskien 'n ongetroude man kry wat alleen in 'n huisie woon. Almal voel egter dat daar by hom iets ontbreek — sy vrou en kinders. So 'n ongetroude man word egter beskou as 'n toekomstige gesinshoof, en in daardie hoedanigheid vorm hy 'n eenheid in of 'n bousteen van die nasie. Ons kan sê die huisgesinne is die stene waarmee die volk gebou is, hoewel ons liewer van 'n volk praat as iets wat groei.

Nou is dit opmerklik dat die gesin nie alleen die eerste eenheid of bousteen van die volk is nie, maar hy dra ook die eienskappe van die volk in hom op 'n klein skaal. Die gesin moet 'n onderdak vir hul hoofde en 'n vloer vir hul voete hê — die huis. Die huis vorm die woonplek en beskerming van die gesin. So ook die volk. Hy moet 'n land hê waarbinne hy woon en waarin hy die alleenseggenskap het.

Die gesin as 'n arbeidsgemeenskap wat vir homself sorg, is die weerspieëling van die volk as arbeidsgemeenskap wat vir homself sorg. Die arbeid van die volk bestaan uit die arbeid van die huisgesinne. 'n Onselfstandige gesin beteken 'n onselfstandige volk.

Die onderlinge maatskaplike of lewensverhouding van volkslid tot volkslid en van volkslid tot sy volksgeheel is 'n weerspieëling van die verhouding van gesinslid tot gesinslid en van gesinslid tot die gesin as geheel. Die gesin is dus die elementêrste lewensvorm van die volk. Die samestelling van die gesinslewe weerspieël die samestelling van die volkslewe.

### GEESTELIKE EENHEID

Die geestelike bande wat volkslid en volkslid saambind en die volkslid aan die volksgeheel bind, is in wese dieselfde geestelike bande wat gesinslid en gesinslid bind en die gesinslid aan die gesin bind:

Die gesin, saamgebind om die huisaltaar, is 'n godsdienstige eenheid. Die gesin is 'n geestelike eenheid, dit is ook 'n taal- en kultuureenheid, is 'n opvoedingseenheid. Die gesin is draer en oordraer van die lewens- en wêreldbeskouing van 'n volk. Die volk as kulturele eenheid is die openbaring van die gesin as geestelik-kulturele eenheid.

**Nie die enkeling nie, maar die Afrikaanse gesin was die baanbreker van ons land. Die Afrikaanse gesin het die land bewoonbaar gemaak, en dit was die Afrikaanse gesin wat aan die grense gewoon en die kafferoorloë gevoer het. Die Afrikaanse gesin het die stryd van Slagtersnek gevoer. Dit was die Afrikaanse gesin wat getrek en die Republieke in die Noorde gestig het. Die Afrikaanse gesin het die Tweede Vryheidsoorlog gevoer en dit is die Afrikaanse gesin wat vandag veg vir die vryheid en eenheid van die Afrikanerdom.** Daarom is dit dat die O.B. ook 'n fonds in die lewe geroep het vir die onderhoud van afhanklike gesinslede van geïnterneerde Afrikaners.

### ONS VOLKSAARD

Die gesin is die volk in klein formaat. Die wese en aard van die volk is vervat in die wese en aard van die gesin. Die volk is wat die gesin is. Die Afrikanerdom is een groot gesin. As die gesin sterf, sterf die volk, en as die gesin hongerly, ly die volk honger. As die gesin verdeel is, is die volk verdeel en as die gesin geestelik siek is, is die volk geestelik siek.

**Die Ossewabrandwag baseer sy volksbeleid op die selfstandige, gesonde en gelukkige voortbestaan van die Afrikaanse gesin.** Die volksbeleid van die Ossewabrandwag is in die eerste plaas 'n gesinsbeleid. Die versekering van 'n selfstandige, gesonde en gelukkige gesinslewe beteken immers die versekering van 'n selfstandige, gesonde en gelukkige volkslewe. **Daarom sal die Ossewabrandwag hom by voorbeeld bewyer om die laste van die groot gesin te verlig en sodoende te voorkom dat 'n gesin stoflik of geestelik ondervoed word omdat hy 'n ruimer deel tot die volksbou bygedra het. In die toekomstige staat wat die O.B. beoog, sal die groot gesin geen moeiliker bestaan hoef te voer as die klein gesin nie. Inteendeel, dit sal eerder aanloklik wees om 'n groot gesin in die lewe te roep.**

'n Gesinsbeleid bring egter ook gesinspligte mee. Hieroor 'n volgende keer.

(Word vervolg.)

**AFRIKANER-KLEREMAKER!**
Foon 5-1486
● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal
**N. C. KOCH**
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

**La Belle Alliance**
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3838
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

# NEHEMIA SLAAG IN SY ETIESE STRYD

(Deur Ds. T. N. Hanekom.)

Neh. 8.—Om die bloedstroom van sy volk te suiwer het Nehemia eers 'n volksregister laat opstel, en toe hy seker was wie wél en wie nie tot die volk behoort, het hy 'n monstervergadering van sy volksgenote bymekaar geroep. Dit was so 'n massamonstering van suiwer volkskrag en onverswakte volkslewe. Maar Nehemia het begryp, wat baie volksleiers voor hom en na hom vergeet het, en dit is dat 'n volk van brood (en bloed) alleen nie kan lewe nie. Daarom begin hy dadelik met die geestelike opbou van sy volk. Om die waarheid te sê, as daar onsuiwer bloed vir 'n lang tyd in die volksare gevloei het, dan moet 'n mens sommer as vanselfsprekend verwag dat daar ook in die volkshart baie onsuiwer gedagtes en verkeerde opvattinge sal wees. Vreemde bloed bring vreemde sedes! Daarom gryp Nehemia na die Wet van God, as maatstaf vir die geestelike suiweringsproses wat hy wil voortset. Hy lees en verklaar die Woord van God vir die volk. Daarin tog lê opgesluit die groot beginsels wat geldig en noodsaaklik is ook vir die lewe van 'n volk. In daardie Woord rig die Here sy Evangelie nie alleen aan die enkelinge nie, maar ook aan die adres van die volk. „Geregtigheid verhoog 'n volk, maar die sonde is 'n skandvlek vir die (Boere-)nasie." So het die profeet van die Here in die Wet geskrywe. En wat geskrywe is, is geskrywe!

Die geloof van die volksleier is nie beskaam nie! Toe die volk weer die langvergete gedagtes van God hoor, en luister na die ou-ou boodskap, toe was dit asof God self praat; in mensetaal, in die Hebreeuse taal, in hul eie taal, hoor hulle die groot gedagtes van God tot hulle spreek. Dit was aangrypend vir hierdie mense. Veral na die baie smart van baie jare het hierdie gebeurtenis hulle diep in hul lewe geroer en „die volk het geantwoord: Amen, Amen!"

So het dit geblyk, en tot beskaming van die lasteraars van Nehemia is dit bewys, dat hierdie volksbeweging, wat die verjonging en vernuwing van die volkslewe wil bewerk, nie bestaan uit opstandige oproermakers nie, maar uit hervormers, manne en vroue wat weet wat hulle wil. Hulle wou die bloed van die volk suiwer en nie verspil nie! Hulle soek na die bloedproef en nie na 'n bloedbad! Daarom vra hulle na Gods Woord as lig vir hul hervormerswerk. Daarom luister hulle eerbiedig na die Wet van die Here. Daarom sê hulle „Amen" (Ja!) op Gods bevel.

Dit was 'n groot gebeurtenis, daardie volksvergadering. Toe het aan die lig gekom dat daar nog mense in die land is wat gewillig is om hulself te stel onder die gesag van die Woord, mense wat vra na die wil van God, en in sy Woord na hoër lig en leiding soek. Hulle het vir die volksversoekers „nee" gesê, en sterk en trots hulself gehandhaaf teenoor die mense, maar diep gebuig voor God!

Ek dink hier aan 'n voorbeeld uit my eie volk, 'n volkshervormer, volksvader en volksheld. Sy naam is De Wet. Hulle sê, dat hy voor die versoeking tot volksverraad geplaas, geweier het om voor sy volksvyande te buig en so homself te verneder; „want juist kwam hy uit het bidvertrek; hy had voor God geknield."—(Uit Die Matie.)

**DE KOCK se GARAGES**
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar: D. D. DE KOCK*
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

